
DIE BURGER
praat saam

Druk hierdie artikel

# ‘Ik heb jou gezegd moet nie ...’

2010-11-06 06:00

Albert Blake het vir **Kirby van der Merwe** vertel van die “swaers, nefies en mense uit dieselfde kontrei” wat voor mekaar se oë gefusilleer is.



Albert Blake, skrywer van die opspraakwekkende nuwe boek Boereverraaier. (Foto: Loanna Hoffmann)

Foto's · Lesersfoto’s · Nuus in Foto's
Stuur vir ons jou foto's · Stuur vir ons jou foto's

Albert Blake sê hy is gekasty. Hy hoor veral uit regse oorde dat hý die Afrikaner verraai met Boereverraaier, sy nuwe boek oor die teregstellings van “verraaiers” en “joiners” deur die Boeremagte tydens die Anglo-Boereoorlog.

Daar is selfs ’n paar boodskappe vol haatspraak in sy rigting gestuur. En dít deur mense wat nog nie eens sy boek gelees het nie.

“Dit lyk asof sommige Afrikaners nog steeds nie aan die onaangename traumas van daardie deel van ons geskiedenis herinner wil word nie,” sê hy waar hy in die studeerkamer van sy huis in Johannesburg sit.

As jy ’n man aan sy boeke en die skilderye in sy huis sou beoordeel, is Blake ’n man met ’n oog en ’n sin vir Afrikaner-eiegoed. Daar is Anton van Wouw se bronsbeelde van generaal De la Rey, ’n afgematte Paul Kruger in sy laaste jare, en van Jopie Fourie.
Teen die mure hang skilderye van die Afrikaner-mitologie van W.H. Coetzer.

Sy boek vertel die geskiedenis van Afrikanerverraad wat gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902 plaasgevind het.
“Dit was die sogenaamde Boetman-ding wat my die boek laat skryf het,” sê hy.

“Ek is ’n prokureur, maar ek is ook akademies goed onderlê. Ek het twee meestersgrade in geskiedenis, cum laude, van die voormalige Randse Afrikaanse Universiteit.

Ek is 56 jaar oud. Ek was weermag toe, en ek het vrae gehad: Wie is die Afrikaner? Wat het verkeerd gegaan?”

Sy boek, sê hy, “ondersoek die omstandighede wat daartoe gelei het dat broer teen broer te staan gekom het, en een Afrikaner ’n ander se lewe moes neem, asook die nalatenskap daarvan.

“Dis ’n morbiede geskiedenis dié, maar een wat noodwendig vertel moet word. Die Anglo-Boereoorlog is immers nie net ’n verhaal van Boerehelde nie.”

Voor sy boek se verskyning was daar bitter min oor die teregstellings bekend, sê hy.

“Prof. Albert Grundlingh van Stellenbosch het die verskynsel van verraad ondersoek en ’n omvattende werk oor verraaiers en joiners geskryf, maar hy het nooit oor die teregstellings self – die ouens wat mekaar geblerts en teen die muur gedruk het – geskryf nie.”

Inligting oor dié teregstellings was skraps toe hy vyf jaar gelede met sy navorsing begin het: “Dit was ’n geval van stukkies en brokkies in geskiedenisboeke: Hier is drie joiners tereggestel of daar is twee joiners tereggestel; dáár is verraaiers tereggestel.”
Blake het egter ’n magdom inligting ontdek toe hy begin krap het.

“Die eerste Boereverraaier is op 31 Desember 1880 deur sy eie mense in die eerste Boereoorlog doodgeskiet. Hans van der Linden se teregstelling het min aandag in die gepubliseerde werk oor die oorlog gekry,” sê hy.

Maar Blake het Van der Linden se verhaal uit die vergetelheid gaan opdiep. Dié was ’n spioen vir die Britte wat inligting oor die Transvaalse burgers se voorbereidings vir die komende oorlog moes insamel teen betaling van 30 sjielings per dag.

Van der Linden het egter as korporaal by die Boeremag onder generaal Piet Joubert aangesluit en sy trou aan die Transvaalse regering gesweer.

Twee dae nadat die eerste Anglo-Boereoorlog, oftewel die eerste Vryheidsoorlog, op 16 Desember 1880 uitgebreek het, het die Boere ’n aantal Britse offisiere en burgerlikes gevange geneem.

Onder hulle was Van der Linden en nog ’n spioen, Christiaan Woite. Die verslae wat hulle vir die Britte opgestel het, en Van der Linden se eed van getrouheid aan die Britse koningin, word toe gevind.

Van der Linden is op 31?Desember 1880 in ’n kort verhoor in Potchefstroom deur ’n krygsraad aan hoogverraad skuldig bevind. Sy vonnis sou die middag om vieruur voltrek word. ’n Halfuur voordat hy na die plek van die teregstelling geneem is, is sy vrou laat haal om hom te groet.

Blake skryf: “?’n Ooggetuie beskryf die tragiese afskeidstoneel: ‘Om haar te zien aankomen, in het rouwkamertje te zien ingaan en hem om den hals te zien vallen en afscheid nemen, is voor mij te zwaar en niet mogelijk te beschrijven. Ik hoor haar nog tegen hem zeggen: “Ik heb jou gezegd moet nie...”?’?”

Blake skryf Van der Linden is na die oewer van die Mooirivier begelei, waar sy graf reeds gegrawe was. Sowat 300 mense het die teregstelling aanskou. Van der Linden het sy hoed sowat 40 treë van die graf eerbiedig afgehaal, en die aanwesiges het sy voorbeeld gevolg.

Van der Linden moes aan die koppenent van die graf kniel, en ’n doodskleed is oor hom getrek.

Die ses lede van die vuurpeloton het voor hom stelling ingeneem, en die aanvoerder het sy linkerhand op die veroordeelde se kop gesit. Drie koeëls het Van der Linden getref, maar hy het steeds geleef, en ’n geneesheer het toe aanbeveel hy moet nog ’n koeël kry.

Blake skryf Woite, ’n pa van nege minderjarige kinders, is kort daarna – op 6 Januarie 1881 – deur agt mans gefusilleer.
Die verskynsel van teregstellings is tydens en ná die tweede Anglo-Boereoorlog beter gedokumenteer.

Daar is ’n paar teregstellings wat hom aan die hart gryp, sê Blake, “soos dié van die jong

Afrikanervrou Lea Koch van Wakkerstroom, wat in 1901 die tyding ontvang het haar man en vier van haar broers is weens verraad en ontrouheid aan die vryheidstryd deur hul voormalige kommandolede gefusilleer.

“Sommige van die skieters en die tereggesteldes, H.J.S. Koch, C.P. Brits, P.M. Brits en C.J. Brits, was boonop familie van mekaar.”

In dieselfde jaar, sê hy, moes ’n bittereinder sy twee verraaierseuns in Hoopstad in die Vrystaat gaan groet voor hulle deur lede van die kommando waaraan hulle behoort het, gefusilleer is.

Met sy navorsing het hy besef “hoe familie, swaers, nefies en mense uit dieselfde kontrei mekaar geskiet het”.

“Die woede was so kwaai. Dis wat ek wou ondersoek: Die tragedies wat hulle tydens die oorlog afgespeel het.”

“Die verraaierverskynsel is groot; baie meer Afrikaners het aan die Britse kant geveg as wat daar aanvanklik gedink is,” sê Blake.
Wat is die nalatenskap hiervan in die Afrikaner-psige? Het dit dalk bygedra om die Afrikaner onwrikbaar en stiksienig te maak?

“Kyk, ’n mens kan nie alles aan een faktor, die verraaierverskynsel, toeskryf nie, maar dit is iets wat ondersoek moet word,” sê Blake.

Hy vryf sy bril. “Andersdenkenheid was ’n taboe. As jy verskil van my – as jy ’n bietjie anders as ek dink – is jy ’n verraaier.”

Hy wonder waarom die fusillering van verraaiers skynbaar uit die Afrikaner “se historiese geheue verdwyn het”.

“Dít terwyl byna elke faset van die oorlog ontleed en aangeteken is. Dit is asof die Afrikaner dié skandkol sedert die oorlog onbewustelik, dalk bewustelik, uit sy geheue verban het.”

Ter illustrasie van hoe daar 73 jaar ná die oorlog steeds hieroor geswyg is, wys hy ’n foto van ’n amptelike, vaalbruin lêer.

Dit bevat die name van Vrystaatse burgers wat aan die kant van die Britte geveg het. In 1975 het J.P. van der Spuy, die destydse minister van opvoeding, aan die Bloemfonteinse direkteur van argiewe die opdrag gegee dat dié lêer “nie voor die jaar 2000 vir navorsers beskikbaar gestel mag word nie”.

“Terwyl daar ’n poging was om die verraaierverskynsel te ver- swyg, het die skande van verraad en die onverwerkte trauma van teregstellings ’n bepaalde impak op die ontwikkeling van die politieke psige van die Afrikaner gehad. Hy het dit deur die eeue in ’n rou, onverwerkte vorm met hom saamgedra,” sê Blake.

“Maar die tradisionele Afrikanernasionalisme wat op ’n dominante en jaloerse wyse oor daardie tydperk van die Afrikaners se geskiedenis gewaak het, is tans aan die verkrummel.”

Hoekom het die Boere dan destyds aan Britse kant geveg?

“Die rykes wou hul eiendom beskerm. En dan was daar die ekonomiese motief: ’n Groot gedeelte van Afrikaners was bywoners. Hulle was brandarm en het niks gehad om te verloor nie. Hier kon hy drie sjielings per dag verdien; hy kry kos en klere. Daar was baie armlastiges wat nie ’n

vaderlandsliefde of ’n sin vir verantwoordelikheid gehad het nie.

“Dan het jy ook ’n element van misdadigheid onder die Afrikaner. En die oorlog was mos ’n fantastiese geleentheid om uit te buit. As jy ’n skurk is, bied ’n oorlog die geleentheid om te roof en verkeerde dinge te doen.

“Daar was ook ander wat werklik geglo het dit is belaglik om teen die groot, magtige Britse Ryk te veg. Dis deur hulle beskou as ’n verlore stryd wat tot ’n einde gebring moet word. En vir hulle was die enigste manier om dit tot ’n einde te bring, om by die Britte aan te sluit.”

Blake vertel daar was ook pasifiste soos Meyer de Kock wat nie die wapen wou opneem nie.

“Hy is gefusilleer. Dit is ’n ou wat die moed van sy oortuiging geken het.”

Blake sê hy het tydens sy navorsing uiteenlopende houdings teëgekom.

“Sommige mense reken die onderwerp is nie meer relevant nie, ander wou weet of dit regtig nodig is om vergete tragedies op te diep en daardeur ou wonde oop te maak.

Dan is daar ander, soos Max du Preez, wat sê die afvallige Afrikaners se optrede tydens die oorlog moet herwaardeer word sodat dit nie meer vandag, terugskouend, as verraad beskou hoef te word nie.”

Du Preez het in 2005 in ’n artikel in Die Burger aangevoer dat Piet de Wet, die broer van generaal Christiaan de Wet, geregverdig was toe hy by die Britse magte aangesluit het.

“Du Preez probeer om Piet de Wet se naam in ere te herstel. Hy stel De Wet gelyk aan liberale Suid-Afrikaners soos Bram Fischer en Beyers Naudé.

“Maar jy kan dit nie doen nie. Jy kan nie dinge uit ’n historiese konteks haal en vandag se maatstawwe daarop toepas nie.

Wat vyftig jaar gelede as verraad beskou is, word nie noodwendig meer as verraad beskou nie. Verraad is ’n plooibare ding, en dit verander mettertyd.

Maar verraad bly verraad, en dit kan nie deur die retrospektiewe oordeel van latere geslagte verander word nie.

“Verraad soos dit tydens die Anglo-Boereoorlog verstaan is, bly verraad. Dit beteken nie jy kan dit nie vandag simpatiek ontleed nie.”
Het hý simpatie met van die verraaiers?

“Nie met die daad van verraad nie. Maar ek kyk met empatie na ’n individu se optrede.

Elkeen kom nie uit dieselfde agtergrond nie, en almal is nie gemaak om in die veld te veg nie. Ek het simpatie met iemand wat uit die moed van sy oortuiging nie die wapen opgeneem het nie. Maar met ’n ou wat ’n opportunistiese moordenaar was, en ’n lid van ’n roofbende? Nee.”

Is verraaiers, hensoppers en joiners soms ná die oorlog weer deur die gemeenskap aanvaar?

“Hulle is ná die oorlog uitgesluit en uit die Afrikanergemeenskap gewerp; uit die NG Kerk, die Gereformeerde Kerk, die Hervormde Kerk.

Hulle moes hul eie kerke stig. As hy nie by ’n nagmaal om verskoning gevra het vir sy verraad nie,

kon hy nie sy kind doop of vergifnis vind nie.”

En watter lesse kan ons uit dié geskiedenis leer?

“Dis ’n verskriklike ding om uit die geskiedenis lesse te leer,” sê Blake. “Dis ’n gevaarlike ding omdat alles veranderlik is. Maar jy moet kennis dra van wat in die verlede gebeur het, anders sal jy nie weet hoe om die toekoms te hanteer nie.”

Dit is die oorlogstories waaroor daar steeds geswyg word – dié van verraad, teregstelling en bittere verwyt.